Downloaded from Stanmorephysics.com

KZN DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL

VRAESTEL 2...NOVEMBER 2019

LETTERKUNDE

GRAAD 11

PUNTE: 70

DATUM : 14 November 2019

TYDSUUR : 2 uur

EKSAMENATOR/EKSAMENATRISES: SRP; ARA; SRE; SSU

MODERATOR/ MODERATRISES : PS; PR; SSU; ARA; SRE;SRP

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT---11--- BLADSYE

NAAM VAN LEERLING------------------------------------------------------------

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE**

1) Hierdie Vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS.
   - Afdeling A----- Poësie ----- 35 Punte
   - Afdeling B---- Kort Verhale---- 35 Punte
2) Beantwoord AL die vrae.
3) Begin elke VRAAG op'n nuwe bladsy.
4) Bestee omtrent EEN UUR aan elke Afdeling
5) Skryf netjies en duidelik.
6) Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
7) Skryf die VOORLETTERS van jou onderwyser /onderwyseresse neer; SRP,PR,PS,SRE,ARA, SSU

ALLES VAN DIE BESTE!!!!!

Blaai om.... bl. 2

## AFDELING A---- POËSIE

**VRAAG EEN ---- Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.**

### Ek het 'n huisie aan die Rand

*Ek het 'n huisie aan die Rand*

Ek het 'n huisie aan die Rand. Dis nag.
Ek het my huisie tweemanhoog ommuur;
'n draad gespan; 'n kopbeen sê: Bly weg!
Dit is 'n fort waar ek my saans verskans.

Daarbuite hoor ek mense hardloop, skote knal,
deure klap, rubberbande snerp op teer.
Dan stilte. Daarbuite hoor ek ruite val
(of is dit binne waar diefwering makeer?).

Ek het 'n huisie aan die Rand. Dis nag.
My huis, my paradys, bly lekker onversteur.
Kyk hoe blink die koppe aan my draad:
tot hier dring niemand, maar niemand deur.

Ek het 'n huisie aan die Rand. Dis nag.
Die alarm by die Trellidor hou knipoog wag.

Blaai Om..... bl. 3

1.1 Watter soort spreker kom voor in hierdie gedig? (1)

1.2 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die antwoord neer.

1.2.1 Hierdie gedig is'n (Engelse Sonnet/ Italiaänse Sonnet) (1)

1.2.2 Gee'n rede vir jou antwoord in 1.2.1 (1)

1.3 Verduidelik die figuurlike betekenis van die woord **"nag"** in versreël 1. (1)

1.4 Haal EEN WOORD uit strofe 1 aan wat sê dat die spreker'n hoë muur om sy huis gebou het. (1)

1.5 Watter waarskuwing gee die spreker aan misdadigers in STROFE 1? Haal TWEE AGTEREENVOLGENDE woorde aan as antwoord. (1)

1.6 Sê in jou eie woorde wat die spreker gedoen het om sy huis te beveilig? Noem TWEE dinge. (2)

1.7 Noem die BEELDSPRAAK in die laaste versreël. (1)

1.7.1 Verduidelik die bogenoemde beeldspraak. (2)

1.8 Sê hoekom die woord **"niemand"** in versreël 12 herhaal word? (2)

1.9 Watter sintuig gebruik die spreker om alles te waarneem en verduidelik hoekom hy die sintuig gebruik? (2)

1.10 Wat is'n moontlike misdaad wat (binne konteks) in STROFE 2 plaasvind? (1)

1.11 Bespreek die TEMA van die gedig. (2)

**[18]**

Blaai om.... bl. 4

VRAAG TWEE


LEES DIE ONDERSTAANDE GEDIG EN BEANTWOORD DIE VRAE WAT DAAROP VOLG:

# HERE BE DRAGONS

pa se kodewoord
draf ek in 'n oogwink kaf
my muis surf dwingend
op nuwe ruimtes af

los my, pa, laat my gaan
inligting is my religie en GoogleEarth my kaart
dagga lê die strate vol
en onnies vroetel ook maar graag

ons wéét, pa
ons keyboards is wyser as jy dink
laat ons gaan, laat ons reis
na kletsvriende in Pole, na hekse in Parys



waar anders, pa, sal ons geslag
ons vlae plant?
ons kleims afsteek?


los my, pa, laat my gaan

maar hou oop jou hart
eendag gaan daar 'n virus wees
'n wurm of 'n Trojaanse perd
wat meer gaan doen as komperkraak

dan, pa, dan sal my bréin met jou wil praat

sal jy daar wees, pa? as ek moet vlug
van 'n pedofiel of sluipdief in die nag
sal jou oor dan oop wees, pa?
'n USB vir my gemoed?

of gaan jy stug 'n vuurwal gooi
en my die kuberstorm self laat veg?



BLAAI OM . . . . Bl. 5

VRAE

2.1 Waarna verwys die woord "dragons" in die titel ? (1)

2.2 Haal EEN woord aan wat bewys dat daar "n eerstepersoonspreker in die Gedig verskyn. (1)

2.3 Noem die beeldspraak wat in versreël 3 verskyn. (1)

2.4 Watter woord in strofe 1 sê dat die spreker se pa 'n sekuriteitssisteem op sy rekenaar gehad het? (1)

2.5 Aan watter 2 gevare, volgens die spreker, word kinders buite die huis blootgestel (exposed). (2)

2.6 Vertel in jou eie woorde en binne konteks, wat die spreker met die volgende versreël bedoel:

"los my, laat my gaan." (2)

2.7 Die spreker maak 'n spesiale aansoek (request) aan sy pa in versreël 17. Sê kortliks wat dit is. (2)

2.8 Noem EEN rekenaar virus wat in die gedig genoem word. (1)

2.9 Wat is die tema van die gedig? (1)

2.10 Dink jy dat dit aanvaarbaar (acceptable) is dat ouers toegang (access) tot hulle kinders se kommunikasie op hulle rekenaar of selfoon het?

Sê Ja/Nee en motiveer. (1)

Blaai om .... bl. 6

2.11 Pas Kolom B met Kolom A. Skryf die vraagnommer en die korrekte letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.11.1 toon van die gedig | A. of |
| 2.11.2 assonansie | B. persoonlik |
| 2.11.3 kuber-krimneel | C. ...oor dan oop... |
| 2.11.4 wending | D. hartseer |
| | E. maar |
| | F. sluipdief |
| | G." los my, pa, laat ek gaan" |
| | H. inbreker |

(4)

[17]

Blaai om.... bl. 7

**AFDELING B : KORTVERHAAL**

**VRAAG DRIE : Die Geskenk – Elsa Joubert**

Lees die uittreksels uit "*Die geskenk*" en beantwoord die vrae.

> Ek sien Pa skaars, net soggens by brekfis. Hy kom laat van sy werk af, en drink dan 'n drankie en gaan dan uit. Soms sê hy vir my: "Toe, kom sit hier," wanneer hy sy drankie drink. Dan sit ons en kyk deur die groot glasvenster na die baai wat daar onder lê, en ons kyk na die liggies wat so een vir een en dan sommer in trosse aangaan. Ons gaan praat nie baie nie. Eers was die liggies vir my mooi, maar nou wanneer ek so by Pa sit, smeer hulle en loop saam en my keel trek saam, my keel word droog en ek kan nie praat nie.
>
> Dan skink Pa vir my koeldrankie en ek probeer dit sluk. Hy sluk vinniger en dan gooi hy sy koerant opsy, en sê: "Nou ja, ek eet vanaand uit. Nora sôre vir jou, nê?"

**VRAE :**

3.1 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer neer.

In hierdie verhaal is daar 'n (derdepersoonverteller / eerstepersoonverteller). [1]

3.2.1 Waarna verwys die titel? [1]

3.2.2 Waarom, dink jy, dat dit 'n gepaste titel is? [1]

3.3 Wanneer sien die verteller haar pa? [1]

3.4 Haal EEN WOORD uit die uittreksel aan wat vir ons sê dat die verteller naby die see woon. [1]

Blaai om... bl. 8

3.5 "Eers was die liggies vir my mooi, maar nou wanneer ek so by Pa sit, smeer hulle en loop saam en my keel word droog en ek kan nie praat nie."

Wat is die geïmpliseerde betekenis (dieper betekenis) van hierdie aanhaling? [1]

3.6 Bespreek die verhouding tussen Nora en die verteller. [1]

3.7 Die verteller se pa het nie vir sy dogter vertel van sy verhouding met die weduvrou nie. Hoe het sy daarvan gehoor? [1]

3.8 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die korrekte letter langs die vraagnommer neer.

3.8.1 'n Weduvrou is 'n vrou ...

A) Wat nooit getrou het
B) Wat geen kinders het
C) Wie se man dood is [1]

3.8.2 Elke aand na werk het die pa 'n drankie gedrink en ...

A) uitgegaan
B) tuisgebly
C) vir sy dogter gesorg [1]

3.9 Hoekom sou die verteller nie haar pa herken as sy hom saam met die weduvrou sien nie? [1]

My pa kom baie laat saans in. Somtyds kan ek nie langer wakker bly nie, dan slaap ek. Somtyds lê ek wakker totdat ek die voordeur hoor. Nora se kamer is ver. Somtyds gaan ek na hulle kamer. Ek het gisteraand gegaan en my kop op hulle kussing neergesit. Dis toe dat ek op die tafeltjie langs sy kant die rekening van die juwelierswinkel sien: 'n goue horlosie vir 'n baie groot klomp geld. Dit is al 'n maand tevore gekoop. 'n Maand gelede is nie so vreeslik lank nie.

Blaai om..... bl. 9

3.10 "Somtyds gaan ek na hulle kamer. Ek het gisteraand gegaan en my kop op hulle kussing neergesit."

Voel jy jammer vir die kind? Sê Ja of Nee en gee 'n rede. [1]

3.11 Wat vind die verteller in haar ouer se kamer? [1]

3.12 Sê waarom die volgende stelling Onwaar is. Haal uit die stuk aan om jou antwoord te motiveer.

Die horlosie wat die verteller se pa gekoop het, was goedkoop. [1]

3.13 Waarom het die pa daardie aand tuis gebly? [1]

3.14 Hoekom is die dogter verbaas dat haar pa vir haar 'n geskenk gee? [1]

3.15 Watter les leer jy uit hierdie kortverhaal? [1]

**[17]**

Blaai om.... bl. 10

## Vraag 4: Die kind

**Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg**

Dis hier waar Ma vir Norman moet gee. Nege trek af een is agt. Twee tel by een is drie. Vier maal drie … Dit help nie. Ma huil nou te hard. Pa laat die poskar so twintig jaart voor die halfpadmerk stilhou.

"Gee julle hande. Ogies," sê hy, verstommend rustig. Ons vat almal hande en Pa bid in 'n suiwer, vaste stem. Terwyl hy dankie sê, hoor ek dit stil word waar Ma sit. Skrefiesoog loer ek en sien hoe sy Norman in die lug hou terwyl haar gesig hemelwaarts kyk. Ek maak my oë toe.

Op "amen" gee Pa die teken om verder te ry. Hy kyk net strak voor hom.

Die twee figure raak groter en is skielik by ons. Dis 'n man en 'n vrou. Pa hou Ma se hand terwyl sy van die kar afklim. Die wit bondeltjie word steeds met die ander arm teen haar vasgedruk. Haar kop is regop, haar oë helder, haar gesig sag. Ek kyk met trots na haar. Dis my ma.

Die vreemde man en vrou staan regop langs mekaar. Ma staan krom oorkant hulle. Pa skuins agter haar. Sy hand por haar rug. Sy bly staan.

"Sy naam is Norman Gericke," pleit Ma se stem oor die halfpadmerk.

"Ons noem hom Norman Renkewitz," antwoord die ander vrou skerp terwyl sy vorentoe tree. Haar lippe lyk stram.

Sy steek haar arms na Norman uit en toe sy hom vat, begin sy die pêrelknopies van die nuwe babaklere een vir een losmaak.

"Neem." Dis 'n emosielose bevel.

Toe net die bondeltjie wit wol in Ma se bewende hande lê, draai die vrou om en stap sonder 'n verdere woord met Norman weg na waar haar man haar met 'n bruinpapierpakkie inwag.

4.1. Kies die korrekte antwoord . Skryf net die nommer en letter neer.

4.1.1. Wie is die verteller in die verhaal?

A. Hetta

B. Norman

C. Souf (1)

4.1.2. Waar vind die storie plaas?

A. Durban

B. Port Elizabeth

C. Francourt (1)

4.1.3. Hoe het die verteller se pa kerk toe gery?

A. per motor

B. per trein

C. Te perd (1)

4.2. Hoe het Hetta van haar ouers se besluit geleer? (1)

4.3. Verduidelik wat die dominee aan die gemeente gesuggereer het? (2)

Blaai om…. bl. 11

4.4. **"Die vreemde man en vrou staan regop langs mekaar"**
4.4.1. Wie is die vreemde man en vrou? (1)

4.5.Watter probleem het die sendelingspaar ervaar?. (2)

4.6. Sê hoekom die volgende stelling **onwaar** is.
4.6.1. Die egpaar wat die kind wou aanneem was Suid-Afrikaners. (1)

4.7. Verskaf twee redes wat wys dat die Geriekes godsdienstig was. (2)

4.8. Wat sou jy gedoen het as jy die ouers van Norman Gerieke was? Sou jy Norman weggee of nie en sê hoekom? (2)

4.9. Pas kolom A met kolom B. Skryf net die nommer en letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.9.1. Hetta was lief vir hierdie vak. | A. Genandendal |
| 4.9.2. Die plek waar die vreemde man en vrou woon. | B. Christen |
| 4.9.3. Die Geriekes se geloof | C. Wiskunde |
| 4.9.4. Die naam van die Geriekes se huisbediende | D.Swellendam |
| | E. Souf |

(4)
[18]

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D. MRS R PANDAY

Graad: 11

Vraag Een - Memo Vraestel 2

Downloaded from Stanmorephysics.com

1✓ 1.1 ek / eerste persoon ✓ 1 — L1

1✓ 1.2 Engelse Sonnet ✓ — L1

1✓ 1.2.1 Rymende Koeplet ✓ — L3

1✓ 1.3 Beklemtoon gevaar, onsekerheid, slegte dinge gebeur in die nag. ✓ — L4

✓1 1.4 "Tweemanhoog" ✓ — L1

✓1 1.5 "Bly weg"! ✓ — L3

✓✓2 1.6 Hoe muur / 'n draad gespan / Kopbene / alarmstelsel / Trekleer (enige 2) ✓✓ — L3

✓1 1.7 Personifikasie ✓ — L1

✓✓2 1.7.1 Knipoog is 'n menslike eienskap / Kwaliteit - gegee aan alarm. ✓✓ — L3

✓✓2 1.8 Beklemtoon hoe veilig hy voel ✓✓ — L3

✓✓2 1.9 Hoor ✓1 want dis nag en hy kan niks sien nie. ✓ — L3

✓1 1.10 Diefstal / inbraak / motorkaping / moord / rooftog / ✓ 1 — L4

✓✓2 1.11 Bespreek - Die vrees wat mense voel en hoe hulle hulle beveilig. (Suitable answers) — L1

## Vraag 2 : Here be Dragons

2.1. gevare / seemonsters, drake wat op outydse landkaarte wat gevaar gesimboliseer het ✓1

2.2. "ek" / "my" ✓1

2.3. personifikasie ✓1

2.4. Kodewoord. ✓1

2.5 1. Kindermishandeling / seksuele mishandeling. ✓1

2. dwelms ✓1

2.6 die spreker vra sy pa om hom vryheid te gee om op die internet te "surf". ✓✓?

2.7. om daar vir hom te wees / om hom te ondersteun as dinge verkeerd gaan of as hy in gevaar is. ✓✓2

2.8 Trojaanse perd / wurm ✓1

2.9 die moderne aard van die internet en die spreker se gesprek met sy pa daaroor. ✓1

2.10. leerlinge se antwoord. ✓1

2.11.1 B (persoonlik) ✓1

2.11.2 C (... oor dan oop ...) ✓1

2.11.3 F (sluipdief) ✓1

2.11.4. E (maar) ✓1

[17]

# Vraag Drie : Die Geskenk

3.1. eerstepersoonverteller ✓1

3.2.1. 'n Present wat die verteller se pa vir die weduvrou gekoop het ✓1

3.2.2. leerling se antwoord ✓1

3.3. By ontbyt ✓1 / soggens by brekfis

3.4. "baai" ✓1

3.5. Die Kind / dogter is hartseer want daar is geen kommunikasie / liefde van haar pa nie ✓1

3.6. Nora is die bediende / huishulp maar sy vul/ speel die rol van 'n ma en sy sorg vir die verteller ✓1

3.7. Haar skoolmaats / die kinders in die skool het die verteller gesê ✓1

3.8.1. C ✓1

3.8.2. A ✓1

3.9. Hy het gelag / hy gelukkig ✓1

3.10. Leerling se antwoord ✓1

3.11. 'n rekening van die juwelierswinkel ✓1

3.12. "... 'n baie groot klomp geld" ✓1

3.13. Die Weduvrou het hom verlaat / weduvrou het 'n ander kêrel ✓1

3.14. Dit was nie haar verjaarsdag nie ✓1

3.15. leerling se antwoord ✓1

As 'n kind se ma dood is, moet die pa sy kind vertroos / liefde wys / kommunikeer met die kind / bring tyd met die kind.

(17)

Gr 11 - Memo - Vraag 4 - Die kind

| VAK | | Punte |
|---|---|---|
| | 4.1.1 A ✓ | 1 |
| | 4.1.2 C ✓ | 1 |
| | 4.1.3 C ✓ | 1 |
| 1 | 4.2 Sy het afgeluister ✓ | 1 |
| 3 | 4.3 Iemand in die gemeente moet hulle baba aan 'n kinderlose sendelingspaar weggee ✓✓ | 2 |
| 1 | 4.4.1 Die sendelingspaar ✓ | 1 |
| 2 | 4.5 Hulle kan nie hulle eie kinders hê nie ✓✓ / hulle was kinderloos ✓✓ | 2 |
| 3 | 4.6.1 Duitse / Hulle was duitse | |
| 4 | 4.7 Hulle gaan kerk toe ✓ / Hulle bid ✓ / Souf lees vir hulle bybelstories ✓ / Pa bid voordat hulle Norman weggee ✓ (enige 2) | 2 |
| 5 | 4.8 Leerder se antwoord ✓✓ | 2 |
| 2 | 4.9.1 C ✓ | 1 |
| 2 | 4.9.2 A ✓ | 1 |
| 2 | 4.9.3 B ✓ | 1 |
| 2 | 4.9.4 E ✓ | 1 |
| | | 18 |